| 19 Junie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 21 JUNIE 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Dr Stephan Naudé

Genesis 21:8-21

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Jannie Hougaard

Genesis 21:8-21

LIG | DEERNIS | HOOP







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers Sondag 21 Junie




# Deuroffers Sondag 28 Junie




# Dankoffers



# Program vir die week

**21-27 Junie 2026**

## Sondag 21 Junie

*Gelukkige Vadersdag!*

## Maandag 22 Junie

**11:30** Preekwerkgroep (Kapel)

## Dinsdag 23 Junie

**09:00** HK Gebedsgroep

**16:30** KM Gebedsgroep (Kapel)

**17:00** *Finansies (TYD)*

## Woensdag 24 Junie

**18:00** Rusplek (Kapel)

## Donderdag 25 Junie

**06:00** Hangklip Mannegroep

**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)

**16:00** *Kogelberg Warm-wintermark*

**16:30** Eko-bestuur (Kapel)

## Saterdag 27 Junie

**08:00** *Kogelberg Warm-wintermark*

*Potjiekoskompetisie*










## Vrydag 26 Junie

**10:00** *Kogelberg Warm-wintermark*

## Gebedsbediening




## Kerkkantoor




## Mannebediening



Dinsdag







Woensdag

Sondag 28 Junie Hangklipkerk



# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 22 Junie 2026

Sc1-4 om 15:00 by Mariette vd Watt, 4de Laan 46

## Dinsdag 23 Junie2026

Kb5 om 10:00 by Beatrice Joubert, Boekenhout 11
Kogelpark/Gerimed om 11:00 in die Biblioteeksaal
Sa3&4 om 15:00 by Joan Marnewick, 1ste Laan 111
Sb1-3 om 15:00 by Ninnie du Toit, 7de Straat 19
Bb1-4 om 15:00 by Bessie vd Walt, 10de Straat 34
KB6 om 15:00 in die Kuierkamer by Fynbospark
PM3 om 15:00 by Christa Fick, JS Marais 49

## Woensdag 24 Junie 2026


Ba1-3 om 10:00 by Cecile Coetzee,
Jasmyn no.2, 12de Laan 28


Kogelberg
WARM-
WINTERMARK
GRATIS
KOFFIE
DONDERDAG
25
JUNIE
16:00–20:00
SOP- EN SJERRIE
→ TAFEL ←
HAMBURGERS
VRYDAG
26
JUNIE
10:00–20:00
KERRIE-
EN-RYS
KERRIE-
SOSATIES
SATERDAG
27
JUNIE
08:00–14:00
BOEREWORSROLLE
BESKIKBAAR ELKE DAG
PANNEKOEK
ROOSTERKOEK
BASAARPOEDING
LEWERKOEKIES
WARM-CHIPS
POTJIEKOS-ETE
TEEN R80 PER PERSOON
→ VANAF 12:00 ←
SLEGS 150 KAARTJIES
BESKIKBAAR
NG Kerksaal - 1ste Laan 36 - Kleinmond

# Kogelberg WARM-WINTERMARK





DIE WINTERMARK IS OM DIE DRAAI EN ONS HET JOU HULP NODIG:



HULP BY DIE:

- WIT OLIFANTE
- PLANTE
- KOFFIE/TEE



IEMAND WAT HEEN-EN-WEER TUSSEN DIE KERK EN DIE SAAL KAN RY – OM TE HELP MET VERVOER VAN DIE KOS



Kontak die Kerkkantoor!

KOM DEEL IN DIE WARMTE!

## Potjiekoskampioenskap hoogtepunt van die Warm-wintermark

KLEINMOND – Die Kogelberg-potjiekoskampioenskap beloof om op Saterdag 27 Junie die kulinêre trekpleister van die Warm Wintermark te wees. Smulpape sal vinnig moet reageer om een van die 250 kaartjies in die hande te kry.

Selfs sonder ’n kaartjie wag daar ’n feestelike oggend vol kleur, geur en musiek. Deelnemers en toeskouers kan waardevolle wenke opvang – veral tydens die prysuitdeling vroegmiddag, wanneer Willem Viljoen van Vastrap-faam (en eienaar van Ollie’s in Bettysbaai en Kleinmond) en Kokkedoor-deelnemer Marlene Wessels hul kundigheid deel.

Marlene dien saam met sjef Schalk Potgieter en Nick Austin as beoordelaars. Die merkstate wat gebruik gaan word, word vooraf aan deelnemers beskikbaar gestel.

### Deelnemers en deelname

Vytien spanne neem deel, met slegs een plek nog oop. (Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting. Daar is geen inskrywingsgeld nie; die inhoud van die potjies word verkoop en die opbrengs gaan aan die NG Kerk Kogelberg en die Morgenster-sendingstasie in Zimbabwe.
Bevestigde deelnemers sluit in: Danie Kruger (twee potjies), RE/MAX Blue Sky (Kleinmond), Century 21, Tides Restaurant, Lourens van der Merwe, Grant Cohen, Sandown Security, Greeff Christies International Whalecoast, Ed en Johan, Seeff Kleinmond, Adrian, Strauss Odendal en Tino Erasmus. Meer besonderhede oor hul potjies volg volgende week.



## Reëlings vir die dag

Elke span ontvang ’n staanplek onder die afdakke by die kerksaal, asook ’n tafel en ’n gasbottel. Hulle kan vanaf 07:00 begin inrig, en alles moet op die terrein voorberei word. Beoordeling van tema, gees en voorbereiding vind deur die oggend plaas. Die proe-werksessie duur van 11:00 tot 12:00, waarna kaartjiehouers nader kan staan vir ’n skep of drie. Bakkies met rys en eetgerei word voorsien.

## Pryse en erkenning

Op die spel is:

- ’n slaglam, geskenk deur Greeff Christies International Whalecoast
- ’n braaistaander
- Koopbewyse vir wyn van kwaliteit by Whine Room (Bettysbaai)
- ’n Black Pearl-koopbewys ter waarde van R400
- en nog meer.

Die spoggerige wennerstrofee, geskenk deur Sandown Bay Security, wag op die algehele kampioen. Sertifikate sal ook aan al die deelnemende spanne en die beoordelaars oorhandig word.

**KOM DEEL IN DIE WARMTE!**



# SKOONMAAK AKSIE

## NIE HIERDIE MAAND NIE!

**GOEIE NUUS!**

Ons dorp lyk pragtig en skoon danksy elkeen se sorg en betrokkenheid.

**DANKIE DAT JY OMGEE!**

Ons beplan weer een wanneer dit nodig is.

**Ons laat betyds weet wanneer die volgende skoonmaakaksie plaasvind.**

*Kom ons hou aan om ons dorp mooi!*



EKO-BEDIENING

Dié aarde behoort aan die Here

ENIGE VRAE?
KONTAK: CARLO VAN RENSBURG 0828408148

**SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL!**

## WAT DOEN DIE GEMEENTEBEDIENINGSKOMMISSIE

Die Gemeentebedieningskommissie onderskryf die roeping wat die Here vir die gemeente gegee het, naamlik om ambassadeurs van hoop en lig te wees vir die mense woonagtig in die Kogelberg area en wyer. Die verteenwoordigers op hierdie kommissie is ingestel op 'n intieme verhouding met God en om met Hom in pas te wees.

Die Kommissie sluit die volgende bedieninge in wat fokus op die geloofsvorming van lidmate: Eredienste; Gebed; Kleingroepe; Ekobediening; Bediening vir nuwe intrekkers; Toerusting van lidmate; Mannebediening; Vrouebediening; Senior lidmate; die Familiebediening en die Bediening vir jong werkerde lidmate.

So lyk die samestelling van die Kommissie.

| Bediening | Verteenwoordiger(s) |
|---|---|
| Eredienste | Predikante/Predikers |
| Gebedsbediening | Marita Grobler; Elsa-Marie Smeda; Bets de Klerk; Gert Pretorius |
| Kleingroepe | Joanne Momsen |
| | Gawie Winterbach |
| Senior lidmate in nood | |
| Toerusting | Predikante en aanbieders |
| Mannebediening | Predikante; Sedrick Taljaad |
| Vrouebediening | Annette Erasmus |
| Familiebediening | Dr Stephan Naudé |
| Nuwe intrekkers | Carlo en Elizna van Rensburg |
| Werkende jongmense | Arno en Carli Swart |

**DIE GEBEDSMUUR**

In die ou Jerusalem soek mense die Here op vir ‘n hartsgesprek by die oorblywende muur van die Tempel. Die Jode skryf hul hartsversoeke op ‘n papiertjie, rol dit klein op en steek dit in die opening tussen die antieke stene vir God se aandag. Hulle staan daar en bid tot die God van hulle geskiedenis vir hulle huidige situasies van oorlog en verdriet.



Hier by ons by NG Kerk Kogelberg, het ons ‘n gebedsmuur in die kerkgebou waar lidmate/besoekers enige tyd gedurende die dag kan inkom om in die kerkruim te bid, te mediteer en gebedsversoeke teen die muur te pen. Dis ‘n spesiale plek vir hartversoeke aan ons Here.
Daar is ‘n afdeling vir versoeke en langsaan ‘n afdeling vir danksegging vir God se versorging van jou.




Daar is ook steggies van ‘n Josefskleedplantjie waarvan jy vir jou een kan vat en by die huis gaan plant as jou “gebedsplantjie”. Jy moet asseblief net weer enige ander steggie saambring vir die muur.

As jy in God glo kan jy weet dat Hy teenwoordig is en in jou lewe belangstel. Die Gebedsmuur is ‘n konkrete simbool van God se toeganklikhied. Die gebedsversoeke sal met verloop van ‘n maand in ‘n houer geplaas word en in die kerk bewaar word, of jy kan self jou gebedsversoek met verloop van tyd verwyder. Wees bedag daarop dat God gedank moet word vir Sy versorging. Jou versoeke kan annoniem wees. Bid vir mekaar.

Hierdie teksvers kan jy invoeg soos wat jy goed dink. Dankie!
Die Gebedsbediening stuur vir jou die volgende teksvers vir die komende week
Efesiërs 3:20 “God werk in ons met Sy krag en kan vir ons oneindig meer doen as wat ons ooit kan bid, en meer as wat oms ooit kan dink.”

## Skakeling tussen die kerkrade van NG Kogelberg en die VGK Kleinmond

Donderdag 18 Junie 2026

*Soos gewoonlik het daar 'n atmosfeer van gemoedelikheid, eensgesindheid en welwillendheid geheers by die skakelbyeenkoms Donderdagaand tussen ons gemeente se kerkraad en die kerkraad van die plaaslike VGK.*

*Mercia Harper van die VGK het almal verwelkom en met gebed geopen, waarna daar heerlik gesmul is aan 'n vingerete wat deur die VGK voorgesit is.*

*In die afwesigheid van ds. Ryk van Velden het Gert Pretorius as fasiliteerder opgetree. Rolspelers - wat gesprekke ingelei en verslag gedoen het oor bedrywighede - was di. Carl Swart, Stephan Naudé en Anthony Cloete, asook Willie Coetzee en Chareen Volkwyn.*

*Die heersende spanning in die gemeenskap wat voortspruit uit die onlangse verjaging van (onwettige) uitlanders was 'n onvermydelike gesprekspunt. Almal was dit eens dat die eensgesinde betoning van medemenslikheid aan die plaaslike migrante, terwyl hulle in die stadsaal gehuisves is, geseënd en bemoedigend was.*











# Oggenddiens

## God bly getrou in die wagtyd

### Stephan Naudé

### NG Kerk Kleinmond

Sondagoggend 14 Junie 2026 9h00



*Met liefde geskep deur die mediaspan*















Oggenddiens
God bly getrou in die wagtyd
Stephan Naudé
NG Kerk Kleinmond
Sondagoggend 14 Junie 2026 9h00
Met liefde geskep deur die mediaspan






Baie
Welkom






Draers van Sy Lig
Ambassadeurs van Hoop




Plastic People
NG Kerk Kogelberg
Vertoning
Sondagmiddag 14 Junie 2026 17h00
Met liefde geskep deur die mediaspan















Plastic People
NG Kerk Kogelberg
Gesellige samesyn
Sondagmiddag 14 Junie 2026 17h00
Met liefde geskep deur die mediaspan




Boontjie
Groente


Galaxy A15






EXIT






Galaxy A15


Plastic People
NG Kerk Kogelberg
Gesellige samesyn
Sondagmiddag 14 Junie 2026 17h00
Met liefde geskep deur die mediaspan










Galaxy A15






















Sopkomuis-span wat op Woensdag 17 Junie 2026 saam gewerk het om leë koffiebottels te vul met droë sopbestanddele en ook samp en bone.

# Sopkomuis-span
















# VROUEDAG

# Funksie

'n Oggend van saam lag en kuier in goeie geselskap!




## Saterdag 8 AUGUSTUS

10:00

**NG KERKSAAL**
EERSTE LAAN 36 - KLEINMOND

*Gaskunstenaar*
FRANCOIS BOYCE

*Bespreek jou plek vandag!*

**R200** PER PERSOON

*Sluit* EET- EN DRINKGOED IN

KONTAK DIE KERKKANTOOR VIR ENIGE NAVRAE - 028 271 3740

# Gemeenskaps-
# DAGBOEK






# Veels geluk!



## Saterdag 20 Junie

Marié-Louise Carstens (Sb4)

Brenda Ferreira 073 539 2701 (KP1)

Kobus Ferreira 082 339 2914 (KP1)

Susan Fourie 072 228 5728 (BB3)

Benardo Olivier 073 973 0822 (Sa3)

Serma Pretorius 083 352 4290 (BB2)

Diana Smit 082 656 6993 (Ba1a)

Romano Smit (Bb1)

Pieter van Dyk 083 442 4584 (BB2)

## Sondag 21 Junie

Herman Burls 074 343 2077 (Ba3)

Gerda Harding (HK3)

Trudie Kellerman 082 560 0391 (KB5)

Lourens van der Colf 082 330 3856 (PM5)

## Maandag 22 Junie

Esbé Erlank 082 418 9784 (PM5)

FC Gerber (Ba3)

Deon Louw 074 290 9286 (Sc4)

Hennie Roux 072 534 3966 (PM5)

Pierre Strydom 072 215 2733 (Sa1)

Lizette van Vuuren 082 849 5777 (Ba2)

## Dinsdag 23 Junie

Johannes Froneman 083 263 5075 (Bb4)

Sonica Louw 078 624 8754 (Sb3

## Woensdag 24 Junie

Amanda Kotze 083 353 7478 (Bb3)

Reinette van Niekerk 083 732 9789 (PM1)

Karlien Venter 082 868 4267 (HK3)

Theo Winckler 082 920 4286 (BB3)

## Donderdag 25 Junie

Hennis de Lange 071 355 8541 (Sb3)

Adriaan Kruger 084 206 5651 (Bb2)

George Malherbe 082 824 8270 (Ba2)

Sandra van Deventer 083 601 1177 (PM3)

## Vrydag 26 Junie

Willi Greeff 072 397 9344 (KB6)

Martha Kotze 082 924 5104 (KP2)

Philip van Schalkwyk 082 362 9277 (PM3)



## GROEPGESPREKKE | 21 - 26 JUNIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Vertel van 'n verhaal wat jy gehoor of gelees het waar iemand onverwags hulp ontvang het toe alles verlore gelyk het.
- In ons eie gemeenskap was daar die afgelope tyd baie gesprekke oor migrante en mense wat nie altyd welkom voel nie. Waarom dink jy reageer gemeenskappe soms negatief teenoor buitestanders?
- Dink aan 'n verhaal uit die geskiedenis of nuus waar mense moes vlug of hul tuiste verloor. Wat dink jy is die moeilikste deel daarvan?

**2. Ons storie nou...**

- Ons leef in 'n wêreld waar ons dikwels dink daar is net plek vir "die bestes", skool, werk of huis. Waar sien jy dit vandag?
- Wat gebeur met mense wanneer hulle voel hulle word uitgesluit of weggejaag?
- Waarom dink jy is dit soms makliker om op ons probleme te fokus as om God se teenwoordigheid raak te sien?

**3. God se storie...**

Lees Genesis 21:8–21 saam uit twee of drie verskillende vertalings en gesels dan oor die volgende vrae:

- Waarom dink jy was Sara so ontsteld oor Ismael en Hagar?
- Hoe dink jy het Abraham gevoel toe Sara gevra het dat Hagar en Ismael weggestuur moet word?
- Waarom dink jy sê God vir Abraham om na Sara te luister?
- Wat leer hierdie gedeelte ons oor God se sorg vir mense wat seerkry?

Vanuit Hagar se perspektief

- Hoe dink jy het Hagar gevoel toe sy besef daar is nie meer water oor nie?
- Waarom dink jy huil sy weg van haar seun af?
- Het jy al soos Hagar gevoel – asof jy nie meer uitkoms sien nie?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Met watter karakter identifiseer jy die meeste in hierdie verhaal: Abraham, Sara, Hagar of Ismael? Waarom?
- Watter "put van water" mag God dalk reeds naby jou geplaas het wat jy nog nie raakgesien het nie?
- Hoe verander dit jou perspektief om te weet dat God mense sien wat deur ander afgeskryf word?
- Waar roep God jou om iemand raak te sien wat dalk vandag uitgesluit, alleen of vergeet voel?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede vir hierdie roeping**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees: Psalm 67; Rom 6:1b-11; Matt 10:24-39; Gen 22:1-14